LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

17-09-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 32 VIR 2018

1 UITTEKEN VAN LEERDERS:

Geen leerder word uitgeteken deur 'n ander persoon buiten sy/haar ouers nie. Indien ouers dit nie kan doen nie, moet 'n skriftelike brief ingehandig word by Mev Chrissie Maré.

2 FOTODAE:

25 September - Individuele foto's
26 September - Sportfoto's (krieket; mini-krieket; hokkie; mini-hokkie; landloop; Eisteddfod - onthou die regte sportdrag)
27 September - Klasfoto's

Die individuele skoolpakkette beloop R70 (1 x A4 en 1 x A5) en daar is 'n spaarblikkie met 'n foto vir R30. Bestelvorms moet by registerklasse ingegee en betaal word voor 28 September 2018.

3 KOOR:

♬ Daar is Juniorkooroefening die week.
♬ Daar is geen Seniorkooroefening die week nie.

4 FORMELE ASSESSERING:

Leerders is skoolpligtig tot en met 28 September 2018. Onderwysers is steeds besig met formele onderrig in die klasse.

5 SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD DEEL 2:

Al die uitslae van Suikerbosrand Eisteddfod se tweede rondte moet teen Woensdag, 18 September afgehandel wees. Geen laat uitslae sal aanvaar word nie.

6 SWEM:

Ons jaarlikse swem-huisgala vind plaas op Donderdag, 20 September 2018 by Hoër Volkskool se swembad om 14:15. Tydens die byeenkoms gaan ons spanne uitsit vir die liga wat op 24 Oktober 2018 begin. Onthou om vooraf in te skryf by Juf. Christine.

7 MUSIEKFEES:

Ons Musiekfees vind plaas op 16 & 17 Oktober 2018. Dit gaan 'n besonderse geleentheid wees.

8 ATLETIEK:

Daar is atletiek oefening vir al die leerders wat nie nou aan ander sporte deelneem nie. Ons huissport vind plaas op 25 Oktober 2018 en op 1 November 2018 het ons 'n weg byeenkoms.

9 GRAAD R KLAS:

Graad R Opedag is op Vrydag, 21 September 2018 vanaf 08:00 - 10:00.
Vir enige navrae, kontak gerus vir Juf. Alta de Klerk by die skool.

10 KULTUURAAND 2019:

Ons Kultuuraand van 2019 vind plaas op 15 Februarie 2019 by Lezar Opstal en kaartjies beloop R350 per persoon. Ons gaskunstenaar is Jo Black. Dié kaartjies sal vanaf Dinsdag, 25 September 2018 beskikbaar wees vir verkope by Mev Chrisna Meyer in die finansieskantoor.

11 KELNERBRIEF:

Elke Graad 6 leerder het vandag 'n kelnerbrief ontvang rakende die Kultuuraand van 2019. Almal se briewe moet asb. voor of op Vrydag, 21 September 2018 terugkom skooltoe.

12 SPREEKKOOR:

Ons oefen vanmiddag 13:00 tot 13:30 in Juf. Monica se klas en dan eers weer na die vakansie.

Volkiegroete

J.J. JORDAAN
ADJUNKHOOF